Sola Scriptura konferensie: 24 Sept 2014 Plek: GK Rietvallei (aangebied deur GK Bet-el)

# IS MANLIKE OUDERLINGSKAP 'N KERNSAAK ?

deur S. Le Cornu

*Voorwoord*

My onderwerp is die vraag: is manlike ouderlingskap 'n kernsaak ?

Ek let op die volgende sake in my lesing:

1. Twee inleidende opmerkings oor die fokus van my lesing
2. Wat is op die spel in die VIDA saak (vida = afkorting vir 'vrou in die amp')?
3. Kortliks die geskiedkundige verloop en standpunte oor VIDA in die GKSA
4. 'n Paar opmerkings vanuit tersaaklike Skrifgedeeltes oor die kerkregering
5. Die pad vorentoe

## 1. Inleiding

Dit is belangrik om in die begin van hierdie onderwerp dit duidelik te maak waaroor die lesing gaan, sodat daar nie misverstand is nie. Daarom twee inleidende opmerkings:

### *1.1 Al die vereistes ?*

Die fokus van my lesing is nie wat is al die vereistes waaraan 'n ouderling moet voldoen nie, spesifiek soos ge-openbaar in 1Tim.3., hoe belangrike tema dit opsigself is. Soos een predikant dit gestel het: die krisis in die GKSA (en ander kerke?) is die krisis van die ouderlinge amp wat nie altyd na behore funksioneer nie, hetsy deur die:

- afwesigheid van baie Adams wat liefdevolle leiding behoort te neem in gesin en kerk,

- of dat ons onbekwaam is deur eie toedoen om hierdie taak te verrig, en weier om toegerus te word vir dienswerk.

En ja, dit gesê, ook ons almal wat tans in enige van die besondere ampte staan,

kan maar net soos Paulus in 2 Kor.3:5, uitroep: ons bekwaamheid is nie uit onsself nie maar ons bekwaamheid is uit God.

**Maar die feit dat** ons iets van 'n ouderlinge krisistyd beleef, dat ons wat reeds in die ampte staan en nie altyd alles so getrou dien soos ons behoort te dien nie, beteken nou nié ons kan maar nog verder deformeer nie: ag wat, daar is nie meer mans wat leiding wil neem nie, of hul is so onvolmaak, en daarom … kom ons bevestig maar vroue in die besondere ampte …

Nee, ons moet dan die een ding vashou, sonder om die ander na te laat en dan eerder bekeer en verder reformeer deur sy genade.

So, die fokus van my lesing val op een van die vereistes, naamlik ‘n ouderling moet *manlik* wees (behalwe die ander vereistes wat gegee word deur die Skrif, en wat ook en dalk nog meer ons aandag verg in ‘n moontlike opvolgende seminaar).

‘n Tweede opmerking:

*2.2 Wat is ‘n kernsaak ?*

Soos die titel aandui word die vraag dan spesifiek gevra, is manlikheid as vereiste vir ouderlingskap dan ‘n <u>kern</u>saak **?**

Nou staan die woord kernsaak teenoor bysaak of rantsaak, of anders gestel:

Wesentlike sake teenoor middelmatige sake

Belangrike teenoor minder-belangrik sake, ens.

Hierdie twee pole word dan soos volg dikwels verklaar:

- Alles wat die Skrif direk uitsprake oor gee (kernsake) teenoor indirekte uitsprake (rant of bysake),

- eksplisiete vs implisiete bevele

- Sentrale openbaringslyne deur die hele Skrif vs enkele verse

- Dit wat in die belydenisskriffte saamgevat word vs nie ‘n belydenisuitspraak gegee word nie.

Hoe dit ookal sy, ek is oortuig dat volgens al hierdie uiteensettings manlike ouderlingskap as ‘n kernsaak kwalifiseer.

Ek wil egter spesifiek die volgende definisie byvoeg, noem dit maar ‘n praktiese kerkregtelik werksdefinisie oor wat ‘n kernsaak is in die lig van ons onderwerp:

*Dit is enige kerklike saak waaroor ‘n plaaslike gemeente en/of gemeentes wat saam vergader in meerdere vergaderings (kerkverband) eenstemmig moet wees, want daarsonder kan die eenheid en waarheid van kerkwees nie gehandhaaf word in die kerklike praktyk nie.*

Iets van wat ons lees in Amos 3:3,

*Sal twee met mekaar wandel tensy hul eers afgespreek het ?*

*So, ongeag hoe daar verskil word oor verklaring van relevante Skrifgedeeltes, die belydenis, kerkorde, ens … die ampskwessie, en veral in ons gereformeerde kerkregering beskouing, moet daar eenstemmigheid wees oor wie in die besondere ampte mag dien of nie.*

**<u>Die tese van my lesing is eenvoudig</u>:**

Op grond van die Skrif, belydenis en kerkregering (kerkorde) is manlike ouderlingskap 'n kernsaak waaroor 'n gemeente of gemeentes saam eenstemmig moet wees om as kerke van Christus te dien in sy Koninkryk.

<u>Nog sterker gestel</u>: dit is myns insiens nie 'n keuse van wat sou die beste/voordeligste wees vir my plaaslike kerk of kerkverband nie, maar dit is 'n saak van reg en verkeerd, gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die Here soos Hy tot ons spreek deur die Skrif, ook in die besonder oor die ouderlinge amp.

Nou kan ek, en wil ek nie my lesing aanbied in 'n historiese vakuum nie, maar spreek vanuit die spesifieke kerklike stryd oor die ampte, soos dit afgespeel het die afgelope min of meer 3 dekades in die GKSA, met die poging om vroue in die besondere ampte te bevestig.

Tans, volgens die laaste besluit oor die saak (sinode 2009) word dit aan die vryheid van die plaaslike gemeentes toegelaat om diakonesse te verkies of nie, maar vroue mag nie in die ampte van predikant en ouderling verkies word nie.

Dit is die amptelike besluit, en tog het 'n paar gemeentes reeds voortgegaan om vroue as ouderlinge te bevestig die laaste klompie jare.

**2. Nou, wat is op die spel hier ?**

Ek is oortuig dat onderliggend aan die VIDA aanslag, is twee wesentlike krisisse in die GKSA kerkverband (en dat alles tot uiting kom in die VIDA saak, soos dit tot uiting gekom het in die herstigting van 1859 in die Psalm vs Gesang kwessie):

a. *Skrifgesag*: en dit behels 3 aspekte:

- waar 'n Skrifvreemde, gereformeerd vreemde skrifbeskouing of aanvaar of ge-akkomodeer word, d.i. die sogenaamde sosio-historiese benadering (let wel nie die kultuur-historiese benadering wat ons nog altyd gehad het nie) in wat in stryd is met die openbaringshistoriese (grammaties-historiese) benadering.[1] Ek kan nie op die detail ingaan nie, maar in wese beteken dit dat, soos prof. Bert Floor dit ook treffend gestel het, die buite bybelse inligting dien nie die Teks wat verklaar word nie, maar heers daaroor.[2] Die uiteinde daarvan is dat buite-bybelse inligting (van die verlede, of die hede, die huidige sosio-historiese

---

[1] Sien prof. Gert JC Jordaan se lesing: **<u>Gereformeerde Skrifverklaring: Openbaringshistories of Sosio-histories ?</u>**

[2] "Watter hermeneutiese model gaan ons gebruik? Vir my is dit die openbarings-historiese model. By ander modelle is daar die versoeking en die gevaar dat ons buite-Bybelse gegewens van maatskaplike, sosiale en kulturele of politieke aard **laat heers oor die Bybelteks**. Dat hierdie gegewens 'n **dienende** funksie het, sal niemand betwyfel nie. Maar wanneer hulle oor die teks gaan heers, **is ons nie meer op die reformatoriese pad nie**. My wens is dat ons met mekaar indringend gaan besin oor hoe ons die Bybel wil verklaar." (*Die Kerkblad*, Des 2003, p.11. beklemtonings bygevoeg.)

omstandighede) die sleutel word om die Teks te verstaan, in plaas van dat die Skrif alleen die sleutel is soos met die Openbaringhistoriese benadering.

- verhouding OT en NT, waar die skeppingsorde teenoor die herskeppingsorde afgespeel word. Ja, die koms van Christus het veranderinge gebring, maar dit was nie ‘n verwerping van sy skeppingsordening vir man en vrou nie.

- die claritas (duidelikheid)/genoegsaamheid van die Skrif word verruil vir die onduidelikheid van die Skrif.

b. *Regverdiging en heiligmaking*

- dat daar kundig of onkundig, ‘n *valse* teenstelling gemaak word tussen die regverdiging en heiligmaking, wat *albei* belangrike leerstukke is wat ons in sy regte verhouding moet vashou.[3] Dit behels dat die verlossing word baiemaal teenoor gehoorsaamheid afgespeel, evangelie teenoor wet, Christus as Verlosser vs Christus as Koning.

Hopelik sal deur die verloop van my lesing hierdie twee sake, Skrifgesag en Christus as Verlosser én Koning, duideliker na vore kom.

**3. Die geskiedkundige verloop van VIDA**

Nou is dit belangrik om raak te sien hoe daar in die GKSA, myns insiens, ‘n verskuiwing plaasgevind het, van twee duidelike standpunte wat teenoor mekaar staan:

teen VIDA vs vir VIDA, na ‘n VIDA is ‘n middelmatige saak standpunt,

Dus van kernsaak na middelmatige saak:

Ek vereenvoudig nou baie terwille van tyd, maar tot en met sinodes 2009 en 2012, was die standpunte oor die ampte as volg, soos ek dit beleef het:

1. manlikheid is ‘n noodsaaklik vereiste vir ouderlingskap, die Skrif leer en beveel dit. Dit wat die Skrif leer, in die besonder in 1 Kor.14 en 1 Tim.2 is wel tydgerig maar nie tydsgebonde nie, die opdrag geld vir alle tye vir die kerk deur alle eeue. Implikasie: slegs geroepe bekwame mans wat aan die bybelse vereistes voldoen, kan in die ampte verkies word. Die studiestuk oor die vrou se rol van sinode 1988 stel die saak duidelik, en iemand soos prof. Jorrie Jordaan het dit deur die jare duidelik verwoord.[4]

2. teenoor dit staan die standpunt wat veral o.a. onder leiding prof. Fika Janse van Rensburg en dr. Wim Vergeer populêr gemaak is (sien bv. hul beswaarskrif van Sinode 2003 [Handelinge van Sinode, bl.545-551]; *Bybel in Praktyk* en *Bybellenium* se verklarings by die relevante teksgedeeltes, o.a. 1 Kor.14: en 1 Tim.2:11-15),[5] en wat

---

[3] Sien my “Opebrief aan die ‘onrustiges’ in die GKSA”
[4] Sien die studiestuk hier: Studiestuk oor die vrou, Sinode 1988. Sien my werkstuk oor die volgende sinodes se rapporte oor die vrou in die amp: **Die plek van die vrou in die kerk volgens die Nuwe Testament, soos verwoord in die Rapporte van GKSA sinodes 1988, 2003 en 2006**
[5] “Daar is reeds genoem dat hierdie beperkende opdragte van Paulus slegs teen die agtergrond van die vrou se gediskrimineerde posisie *in die samelewing* reg verstaan kan word. Paulus het nie geleer dat ’n vrou glad nie in die kerk onderrig mag gee nie, so asof hy geglo het dat mans nooit by vroue

in wese as volg saamgevat word: 'geslag maak nie saak' as vereiste om 'n ampsdraer te wees nie.[6] Dit wat in die Skrif staan, in die besonder in 1 Kor.14 en 1Tim.2 is vanuit die sosio-historiese hermeneutiek tydsgebonde, het net gegeld vir daardie besondere tyd en omstandighede, en nie vir alle tye nie.[7] Daar word in hierdie standpunt geleer dat die vrou in 'n besondere amp moet so leer en/of regeer dat sy nie haar se man se hoofskap in die huwelik en gesin ontken deur die uitoefening van haar amp nie. Implikasie: vroue wat bekwaam en geroepe is en aan die bybelse vereistes voldoen, kan in ampte verkies word.

Nou, tot en met die algmene sinode van 2009, soos ek dit beleef het, was die saak heel duidelik: dit is of vir die vrou in die amp, of teen die vrou in die amp, ten minste veral wat die ouderlinge amp betref, altwee standpunte kan nie reg wees of saam ge-akkomodeer word in een kerkverband nie.

Met sinode 2009 is daar 'n belangrike besluit wat 'n paradigmaskuif aankondig, na die *Gereformeerde Teologiese Vereniging* se konferensie oor die boek 'Manlikheid en Vroulikheid in die Kerk'[8] en myns insiens die besluit voorberei het (en wat baie dalk gemis het of nie gedink het dit is so belangrike saak nie), wat goedgekeur is deur sinode 2009:

> "10.16.1 Die twee standpunte soos uiteengesit in hierdie rapport (teen en vir VIDA) rus op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte ooreenkomstig die leer van die kerk soos uiteengesit in punte 6 en 7. Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese.
> 10.16.2 Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie opsigself 'n belydenissaak nie.

---

kon leer nie. Die groot prediker Apollos is immers deur Priscilla, een van Paulus se medewerkers, onderrig (Hand 18:24–26). Paulus maak ook gereeld melding van vroue wat verantwoordelike posisies in die kerk beklee het. Febe was 'n diaken (Rom 16:1), Maria, Trifena en Trifosa was werkers vir die Here (Rom16:6,12), en so ook Euodia en Sintige (Fil 4:2). *Daar was dus spesifieke omstandighede* in Efese wat Paulus genoodsaak het om hierdie uiters beperkende opdrag aan die vroue te gee. So kan *daar vandag ook samelewingsomstandighede* wees waar dit onwys sal wees dat vroue onderrig-posisies en/of gesagsposisies in 'n gemeente beklee. Vergelyk ook die aantekeninge by 1 Timoteus 2:9-15." (Van Wil Vosloo, a. V. R. F. J. (1997, c1993). *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling)* (Electronic ed.) (1 Ti 2:12). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. Kursief bygevoeg.)

[6] Die pro-VIDA standpunt soos verwoord by Sinode 2009: "Dat, in gehoorsaamheid aan die Skrif, lidmate wat andersins kwalifiseer, *ongeag geslag*, tot die besondere dienste verkies/beroep en daarin bevestig kan word." (Handelinge van Sinode 2009, bl.664, kursief bygevoeg).

[7] Dit is wat die populêre NG teoloë soos Adrio König en Stephan Joubert ook leer, sien bv.: "*Moet vroue altyd tweede kom?*, in A. König, *Is die Bybel betroubaar ? – Wat dan van al die probleme ?*, Vereniging: CUM, bl.316-325; "*Oor 'n vrou wat moet stilbly en leiers wat moet dien*", in Stephan Joubert, *Ontsluit die Nuwe Testament*, Vereniging: CUM, bl. 438-444. Hier is my artikels oor prof. König se Skrifbeskouing en teologie: Prof. Adrio König en die kritiese lees van die Bybel; boekresensie: Is die Evangelie op die spel ?

[8] Sien my verslag van die konferensie en boek: GTV Konferensie oor "Manlik en Vroulik in die Kerk". Sien ook prof. Gert Jordaan, een van die skrywers van die boek, se belangrike opmerkings oor die boek en konferensie na die konferensie hier: Manlik en Vroulik in die Kerk – Nabetragting oor 'n boek en konferensie

10.16.3 Om hierdie redes (vgl. 10.16.1 en 10.16.2) behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie."[9]

Met die aanvaarding van hierdie drie punte, het die sinode dus besluit dat VIDA nie ʻn kernsaak is soos ek dit hierbo uiteengesit het nie, en raak nie:

a. Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte nie,

a. ons belydenis nie, en

b. dit bring nie die eenheid van die kerke in gedrang nie.

Tydens sinode 2012 was daar 12 beswaarskrifte op die tafel (volgens die Ordevoorstel wat gedien het), en belangrik, een van daardie beswaarskrifte fokus op hierdie drie punte, dus:

| |
|---|
| AS VIDA nie Skrifbeskoulike, hermeneutiese verskille aandui nie, ons belydenis raak nie, eenheid van kerke in gedrang bring nie, dan hoekom besluit dat diakonesse wel mag, maar nie vroue ouderlinge/predikante nie **?**[10] |

Baie insiggewend hoe sinode 2009 se besluit geformuleer is oor VIDA:

> "Susters kan in die diakensamp dien. Sinode 2009 het ʻn Beswaarskrif gehandhaaf wat daartoe gelei het dat die besluit van Sinode 2003 herstel is. Hierdie besluit lui soos volg: "Die Sinode keur in die **<u>lig van die Skrif</u>** goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word."

> "Tydens die voortsetting van die Sinode is ʻn diepgaande Rapport hanteer oor die vraag of susters as ouderlinge en predikante kan dien. In hierdie Rapport is aandag gegee aan onder andere besluite wat reeds tydens Sinode 2003 geneem is, tersaaklike kerkregtelike, historiese, Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte. Uitgaande van hierdie vertrekpunte is verskillende relevante Skrifgedeeltes hanteer. Die Sinode het vir bykans twee dae broederlik met mekaar gepraat en biddend geluister na die Woord van ons Here. Daar het verskillende standpunte na vore gekom wat biddend oorweeg is. Uiteindelik is die volgende besluit geneem: "Die Sinode het in die lig van **<u>die behandeling van die Rapport</u>** tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie."

Nog ʻn stuk insiggewende inligting, is die slotwoorde van die boek *Manlikheid en Vroulikheid in die Kerk*,

> "Die verskille wat daar wel is, raak nie Skrifbeskoulike, eksegetiese en hermeneutiese vertrekpunte nie. Eerder is dit toe te skryf aan verskil in die beoordeling van die eksegetiese oortuigingskrag van die betrokke standpunte. Die verantwoordelikheid van

[9] Handelinge van Sinode 2009, bl.664-669.
[10] Sien die VIDA Kategismus wat dit verduidelik.

die kerke is om hierdie verskille, insoverre as wat dit in die kerke bestaan, in afhanklikheid van die Here met groot verantwoordelikheid te bestuur." [p.205]

**So wat het plaasgevind die afgelope dekade ?**

Daar is beweeg van twee groepe wat sterk teen mekaar gestaan het oor hierdie saak, na waarskynlik, dieselfde twee groepe wat nou in 2 nuwe verskillende groepe ontwikkel:

Die een groep sê, en hul is dalk 'n groterwordende … minderheid:

- geen VIDA en dit is en bly 'n kernsaak wat beteken ons kerke moet saamstem daaroor, daar kan geen vryheidsbesluit daaroor wees nie, *teenoor*

- voorstaanders van beide vir en teen VIDA wat sê – ons respekteer mekaar se verskille, maar ons stem saam dat dit 'n middelmatige saak is, en op een of ander manier moet ons nou hierdie verskil maak werk in een kerkverband, ons moet met 'groot verantwoordelikheid (dit) bestuur' … ander sou dalk meer eerlik wees en sê:

" … ons kan dit nie bekostig dat hierdie 2 standpunte mekaar weerspreek nie …. daarom moet ons mekaar akkomodeer …"

En die vrug daarvan het ons gesien met die hele Ordevoorstel en Omkeerstrategie plan wat op sinode 2012 se tafel beland het, op D-dag sinode 2012.[11]

In plaas van regspraak beoefen, die verskillende beswaarskrifte oor VIDA te hanteer, is alles uitgestel tot en met sinode 2015 om al die beswaarskrifte (en dalk enkeles wat nog bykom) te behandel saam met 'n omkeerstrategie, wat wil fokus op kerkgroei maar ook die onderlinge verskille verder wil bestudeer wat leef in ons kerkverband.

In die Ordevoorstel lees ons dan:

> "Hierdie oproepe word spesifiek gemaak om kerke in hierdie tyd te help om op die **Omkeerstrategie** en ons missionêre roeping te fokus en nie deur verskille tot strydvrae verlei te word nie."[12]

Vir baie beteken dit in die praktyk heel eenvoudig, en dit het ek konkreet beleef: ons moet nou net konsentreer op ons kerke wat 'doodgaan', ons moet fokus op sending en evangelisasie en nie 'n 'middelmatige saak' soos VIDA wat tot 'strydvrae' lei nie.

Wel, die kort antwoord daarop is eenvoudig dat Matt.28:18-20 ons leer om op *albei* sake te fokus:

> - Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies … (sending en evangelisasie = as deel van die 'omkeerstrategie'.)
>
> - en leer hul om alles te onderhou (dus, ook kerkregering, dat alleen bekwame mans in die ampte bevestig kan word, 1 Tim.2 en 3).

---

[11] Sien: GKSA sinode 2012 – 12 Januarie (VIDA dag). Sien ook:
[12] Sien: Belangrikste besluite van sinode 2012

Dit is hier waar my besorgdheid dan is oor verkeerde teenstelling, ten minste in die praktyk: verlossing vs heiligmaking, evangelie vs gehoorsaamheid, Verlosser vs Koningskap, wat valslik teenoor mekaar afgespeel word.

**Ek wil weer herhaal**, bevestig en beklemtoon wat ek reeds hierbo genoem het, ons moet die een ding doen sonder om die ander na te laat.

Terwyl ons ons bekeer van te min sendingywer, evangelisasie, gebed, barmhartigheidswerk, liefdesdiens, ens., moet ons vashou aan wat die Here aan ons oorgelewer het, onder ander hoe en wie sy kerk moet regeer deur sy Woord en Gees.

Sien my artikel daaroor: 'n Dopper 'omkeerstrategie' – 'n Bekeringstrategie[13]

Terwyl ons ons bekeer dat ons ons eerste liefde verlaat het, moet ons aanhou om die dwalinge en leuens van feminisme te bestry.

Terwyl ons ons bekeer van liefdelose of geen manlike leierskap in gesin en gemeente, moet ons steeds vashou aan die Here se vereistes vir die ampsdraers.

**VIDA is 'n 'middelmatige saak'**

En dan, as laaste historiese bewysstuk dat baie wat dalk nog teoreties nie VIDA verkies het in die verlede nie, maar wel nou glo dit is bloot 'n middelmatige saak, wil ek u aanhaal uit die Augustus 2014 Kerkblad.

In Julie hierdie jaar het ek 'n skrywe persoonlik gerig aan die nuwe redakteur van die Kerkblad, dr. Callie Coetzee, op grond van sy artikel in die Junie uitgawe.[14]

My vraag was nie eintlik vir die openbaar bedoel nie maar dit is toe gepubliseer in die Augustus uitgawe (As ek geweet het hul gaan dit publiseer, sou ek natuurlik meer verduidelik het terwille van die lesers).

Hoe dit ookal sy, hier is dit:

> Geagte Redakteur,
>
> Dankie vir u artikel in die Junie 2014-Kerkblad, aangaande ons verhouding met die NGK en die NHK. U skryf daar (op bl.6) as volg:
>
> *"Ons mag ook nie ter wille van eenheid die verskille as middelmatig beskou of ignoreer nie. In die postmoderne tydsgees waar ook die waarheid relatief geword het, is die gevaar (en versoeking) groot om hierdie pad op te gaan. Dan word dit 'n valse eenheid, 'n eenheid ten koste van die waarheid. Daar is tussen ons kerkgemeenskappe steeds (en meer?) wesenlike sake wat biddend, in die liefde van Christus, op grond van die Skrif en belydenis, deurgepraat moet word. Dink aan sake soos die gereformeerde kerkregering, Skrifgesag, die*

[13] Sien ook die volgende artikels oor die onderwerp: Omkeerstrategie. Sien ook: Belangrike besluite van die GKSA sinode 2012 en my ordevoorstel.
[14]

*opstanding van Christus, die (persoonlike) bestaan van die duiwel, die Belhar-"belydenis", homoseksualiteit, ensovoorts."*

Ek glo elke gereformeerde lidmaat is met u eens dat hierdie en ander sake aangespreek moet word in gebed, in broederlike liefde, in Christus volgens sy Woord en ons belydenis. Graag wil ek van u daarom die volgende verneem:

Beskou u die vrou in die besondere ampte (in die besonder die leer- en regeerdienste van ouderling en predikant) as deel van hierdie "wesenlike sake" wat eers aangespreek moet word ? Val dit onder "gereformeerde kerkregering" of die "ensovoorts" in u paragraaf hierbo, wat vir ons as gereformeerdes wat ononderhandelbaar is?

Moet hierdie en ander wesentlike sake soos deur u genoem, eers uit die weg geruim word voordat tot nouer eenheidsbande oorgegaan kan word, of meen u dat ons reeds met kerkverbande waarmee ons oor wesentlike sake verskil, nouer bande kan aangaan (soos dit geblyk het uit die voorgestelde "Memorandum van ooreenkoms tussen die GKSA en NGK" tydens die Algemene Sinode van 2012, Acta 2012:186)?

– Ds. Slabbert le Cornu, Carletonville

Prof. CFC Coetzee antwoord soos volg:

Wat die eerste vraag betref: Die kwessie van die vrou in die besondere dienste is wat my betref nie 'n belydenis-saak nie, met ander woorde, dit lê nie op dieselfde vlak as die "kernwaarhede" van die Skrif wat ons in die belydenisskrifte vind nie. In die gesprek met die NG en NH Kerke moet daar onderskei word tussen sake wat die belydenis direk raak en in die gedrang bring, en ander sake soos die vrou in die besondere dienste.

Wat die tweede vraag betref: Ek is oortuig dat die deputate (waarvan ek nog lid was) wat aan Sinode 2012 moes rapporteer, in die betrokke memorandum geen gereformeerde beginsel in die gedrang gebring het nie. Inteendeel. In die memorandum word die roeping en verantwoordelikheid van die plaaslike kerk beklemtoon in sake soos kanselruil, toelating tot die sakramente, ensovoorts. Dit is sake waaroor vorige sinodes lankal besluite geneem het.

Verder word die NG en NH kerke sowel as die GKSA in die memorandum opnuut aan ons gemeenskaplike belydenis gebind. As die Sinode die memorandum aanvaar het, sou dit juis ons deputate se hande gesterk het om, met 'n beroep op die memorandum, 'n appèl te laat uitgaan tot die ander gespreksgenote waar standpunte wat afwyk van die belydenis, mag voorkom.

Dus, volgens dr. Coetzee is VIDA is 'n middelmagtige saak, en die implikasie is dat jy los nie 'n gemeente/kerkverband oor so middelmatige saak nie.

Beteken dit dus dat die kerkskeurders, die moeilikheidmakers is hulle wat dan van ‘n middelmatige saak ‘n kernsaak wil maak **?**

Maar die groot vraag bly, volgens my eie kerkregtelike definisie van wat ‘n kernsaak is: is die aard van VIDA of kerkregering van so aard dat daar tegelykertyd in ‘n plaaslike gemeente en op meerdere vergaderings beide VIDA tegelykertyd kan wees en nie wees nie **?**

Ek is oor die algemeen glad nie ‘n groot voorstaander van vryheidsbesluite nie, maar ek is oop vir oortuiging dat daar wel sulke gevalle kan wees in een kerkverband. Dit verdeel onnodig en beteken gelowiges kan nie enige gemeente in hul kerkverband bywoon nie. Maar ek is oop vir oortuiging.

Ek meen egter dat kerkregering, wie in die besondere ampte mag dien, is definitief nie een van daardie sake wat elkeen self kan besluit nie.

Dit is myns insiens onmoontlik, dat daar beide VIDA en nie-VIDA kan wees in ‘n plaaslike gemeente en/of kerkverband, albei kan niegeakkomodeer word ongeag hoe liefdevol en broederlik/susterlik ons teenoor mekaar is nie.

Die Openlike Verklaring wat afgelê word by meerdere vergaderings, die besluite wat saam geneem word, dus saam geregeer word deur sy Woord en Gees, vroue ouderlinge wat leer en regeer op en via kerklike vergaderings, vroue wat sakramente gaan bedien,[15] attestaat probleme, ens., maak dit onmoontlik …. soos ek later hier onder gaan aandui.

Daar is net een moontlike ‘oplossing’: … en dit is as een standpunt moet toegee aan die ander, *ten minste wat die praktyk betref*, terwyl daar lippediens gelewer word dat hul teen VIDA is.

Om die woorde van Hegel (dink ek) te gebruik vir ons onderwerp, dat ten minste in die praktyk een standpunt toegee vir die ander:

Die tese was (teen VIDA), die antitese wat opgekom het (vir VIDA) wat dan lei of ‘bestuur’ word tot ‘n sintese (dit is ‘n middelmatige saak) …

Wat natuurlik ‘n volgende vraag na vore bring, waarmee ek myself en ander broers moet konfronteer:

| |
|---|
| Wanneer weet ek dat ek werklik gehoorsaam aan God se wil, sy bevele, sy gebod is … wanneer ‘n saak werlik vir my ‘n kernsaak is **?** |

As ek bloot verstandelike instemming daartoe gee, of ook as my dade dit bevestig wat ek glo **?**

Wat se implikasies het Jesus se woorde van Luk.**6:46-49**, en in die besonder v.**46** vir ja, **my hele lewe** … maar dan in die besonder VIDA en al die kerkverbandelike implikasies **?**

[15] Sien Calvyn se verwerping van vroue wat die doop bedien, hier: Wie mag die sakramente bedien ?

Wat noem julle My: Here, Here*! en doen nie* wat Ek sê nie …

Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister *en dit doen* ….

Maar die wat dit hoor *en nie doen nie* …

Spesifiek: wat noem julle my Here en gehoorsaam nie My wil vir die ampte nie **?**

Wat noem julle my die Koning van julle Kerk, maar luister nie wat my bevele is vir wie ouderling mag wees en nie mag wees nie …

Weereens die krisis van ‛n valse teenstelling tussen Christus as Verlosser vs Christus as Koning.

Kan, mag ons Hom bely as Verlosser maar nie Koning nie **?**

Mag ons ‛n omkeerstrategie aanvaar waarin Christus die Verlosser is … maar nie die Koning nie **?**

Dit bring my by ‛n paar kerkregtelik-eksegetiese opmerkings:

**4. 1 Kor.11:29-40 en 1 Tim.2:11-15**

En dit is wat ek nou verder wil aandui uit die twee sentrale tekste wat betrokke is in die VIDA debat, met verwysing na ons belydenisskrifte, spesifiek NGB art.30 en 32, en KO art.31 en 36:

1. 1 Tim.2:11-15, en 2. 1 Kor.14:29-40

(**Lees** ook die volgende Skrifgedeeltes: 1 Kor.11:1-3; 14:32-40; Ef.5:21-33).

Let wel – ek gee slegs ‛n paar hoof gedagtes deur op grond van die standaard reformatoriese verklarings van hierdie gedeeltes, spesifiek van toepassing op my onderwerp, kerkregering, en dan spesifiek die ouderlinge amp:

| **1 TIMOTEUS 2:11-15** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **OAV (1933/53)** | **ESV (2003)** | **NAV (1983)** | **NIV (1984)** | **NLV (2006)** |
| 11 Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle **onderdanigheid.** | 11 Let a woman learn quietly with all **submissive-ness.** | 11 ’n Vrou moet in die erediens stil en **onderdanig wees en haar laat leer.** | 11 A woman should learn in quietness **and full submission** | 11 Vroue behoort te luister en moet stil **en onderdanig leer** |
| 12 Ek laat die vrou egter nie toe **om onderrig te gee of oor die man te heers nie,** maar sy | 12 I do not permit a woman **to teach or to exercise authority over a man**; | 12 Ek laat haar nie toe **om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen** | . 12 I do not permit a woman **to teach or to have authority over a man**; | 12 Ek laat vroue nie toe **om mans te onderrig of oor hulle gesag uit te oefen nie.** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| moet haar stil hou. | rather, she is to remain quiet. | **nie**; sy moet stil wees. | she must be silent | Laat hulle eerder stilweg luister. |
| 13 **Want** Adam is eerste gemaak, daarna Eva. | 13 **For** Adam was formed first, then Eve | 13 Adam is **immers** eerste gemaak, Eva daarna. | . 13 **For** Adam was formed first, then Eve. | 13 **Want** God het Adam eerste gemaak en daarna Eva. |
| 14 En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. | ; 14 and Adam was not deceived, but the woman was deceived and became a transgressor. | 14 Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het. | 14 And Adam was not the one deceived; it was the woman who was deceived and became a sinner. | 14 En dit was die vrou, nie Adam nie, wat deur Satan verlei is, en sonde was die gevolg. |
| 15 Maar sy sal gered word **deur kinders te baar**, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid. | 15 Yet she will be saved **through childbearing**- if they continue in faith and love and holiness, with self-control. | 15 Maar sy sal haar redding vind **in moeder-skap**, as sy maar volhard in geloof, liefde en 'n heilige lewe, en daarby beskeie bly. | 15 But women will be saved **through child-bearing**-- if they continue in faith, love and holiness with propriety. | 15 Maar vroue sal gered word **deur hulle rol as moeders te aanvaar** en deur vol-hardend te leef in die geloof, liefde, toewy-ding aan God en beskeidenheid |

1. Die woord in v.12 vir 'heers'/'gesag uitoefen'/'authority' is *authenteo* in die Grieks wat hier beteken: "to govern, exercise dominion over one" (Strong), dit wil sê *om te regeer*, om oor iemand anders te regeer,

- spesifiek in vers 12 'oor die man', wat dan volgens Paulus in stryd is met God:

- se skeppingsorde (v.13), en

- gelei het tot sonde volgens v.14 (wat rebellie en opstand is volgens Paulus in 1 Kor.14:33,40, teen God se orde is), toe Eva onder Adam se leiding uitbeweeg het (en hy haar eintlik moes beskerm het teen 'n valse/verkeerde gesag).

2. Paulus skryf in die Pastorale briewe teen die volgende wesentlike dwaling van sy tyd in sy brief aan Timoteus as volg:

*"1 Tim.4:4-5* *4 Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; 5 want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.*

Hy skryf dit (met verwysing na God se goeie skeppingsorde in Gen.1:31, waarna hy verwys ook in 2:13), teen hulle wat 'verbied om te trou en gebied dat die mense hulle onthou van voedsel wat God geskape het …' (v.3)

b. Omtrent 80 jaar later verskyn daar weer 'n dwaalleraar op die kerklike toneel, Marcion wie se kanon slegs uit 'n deel van Lukas en 10 van Paulus se briewe bestaan het, elkeen ook geredigeer soos Marcion dit graag wil hê. Onderliggend aan Marcion se teologie is dat hy nie nie kon aanvaar het dat die God wat in die OT gespreek het, dieselfde God is as die God wat in die NT gespreek het nie. Eersgenoemde was wreed, skepper van die materiele fisiese wêreld wat 'sleg' is, met streng wette en een wat sondes straf. Die NT god was liefdevol, genadig, 'geestelik' en vir almal 'n universele god.

Onderliggend aan Marcion se 'teologie' was 'n valse teenstelling tussen genade (NT) en natuur (OT), tussen gees en liggaam, die fisiese vs die geestelike. Dit is dan ook nie vreemd dat hy aan Doscetisme geglo het nie, naamlik dat Christus nie as volkome mens in die vlees gekom het nie, maar 'n blote verskyning was in menslike vorm, soos die engele op plekke in die OT. En die rede waarom hy dit geglo het:

> "Marcion could not believe that the Supreme God would defile himself as man in the flesh and so he explained away the virgin birth of Jesus and said Jesus only seemed to suffer on the cross." [16]

Tertullianus, die bekende kerkvader en apologeet, noem dat – belangrik vir ons onderwerp – dat Marcion bv. die huwelik as 'n 'evil and unchaste thing'[17] gesien het, en Marcion het getroudes alleen gedoop as hul 'n eed aflê dat hul nie seksueel sal verkeer nie, soos Schaff dit stel:

> Notwithstanding his violent antinomianism, Marcion taught and practiced the strictest ascetic self-discipline, which revolted not only from all pagan festivities, **but even from marriage, flesh, and wine.** (He allowed fish). He could find the true God in nature no more than in history. He admitted married persons to baptism only on a vow of abstinence from all sexual intercourse.

Baie insiggewend:

> "Marcion rejected *the two epistles to Timothy* and the one to Titus, all of which deal with church discipline. His aim was, I suppose, to carry out his interpolating process even to the number of epistles." – Tertullian (*Against Marcion*, c.207, W), 3.473[18]

[16] *Ibid*., p.420.
[17] *Ibid*., p.420.
[18] *Ibid*., p.84.

Daarom dat geleerdes daarop wys dat die Marcioniete heel moontlik 1 Timoteus verwerp het omdat dit hul valse gnostiese dualisme tussen genade en natuur (tussen geloof/geestelike dinge en die huwelik as 'fisiese saak') verwerp het (1 Tim.4:1ev; 6:20,21).

"(Marcion) stel dan ook sy eie "Kanon", of lys van vir hom gesaghebbende boeke op. Hierin verwerp hy verskeie Nuwe-Testamentiese Boeke *wat nie strook met sy Gnostiese beskouinge nie.*" Prof. JC Coetzee

Marcion se onderliggende teologie, sy valse teenstelling tussen genade en natuur, tussen siel en gees het natuurlik implikasies, **verrykende implikasies**.

Een daarvan was:

"*1 Tim 2.11 … Note also that Marcionite women were teachers or prophetesses* (Tert, Hipp, Epiph, Eznik)"

"Finally, 'A Marcionite innovation was the permission given to women to hold office in a church.' Each of these areas sheds a little light into Marcion's theology. … But as Marcion read Paul, he would edit the sections he felt were influenced by Judaism and therefore had an inaccurate understanding of Paul."

Dus, Marcion se gnostiese dwaling, die valse teenstelling tussen genade en natuur, dus van OT en NT, van skepping en verlossing het tot sy kerklike praktyk en innovasies gelei, waaronder VIDA.

En nou geliefdes, 19 eeue later, in verskeie kerke en kerkverbande regoor die wêreld, hoor ons die volgende, in die GKSA kerkverband spesifiek, wat ek *Marcion Light*, of *Gnostic Light* noem:

"geslag maak nie saak nie" – veral nie as dit oor die besondere ampte gaan nie, oor die kerkregering gaan nie.

Sekeres gaan nog verder in hierdie gnosties-marcionitiese dwaling – geslag maak ook nie saak in die huwelik en enige ander verhoudings nie, daarom vandag die gay agenda in baie kerke wat eers met die vida agenda geworstel het.[19] *Marcion Strong*

En dit is in wese wat op die spel is oor die kwessie wie in die ouderlinge amp mag dien en wie nie, of vroue wel in die besondere ampte mag dien of nie.

Die Here sê, sy Woord sê: sy skeppingsorde, sy onderskeie rolle vir man en vrou, sy wil vir ons as mense, sy kerkregering is nog altyd 'n kernsaak,

Vandag is daar al meer wat beweer dit maak glad nie meer saak nie (die radikale feminisme), en hulle wat meen dit is 'n middelmatige saak (evangeliese feminisme).

[19] Vir die duidelike verband tussen die VIDA en HOMO Agenda (want 'geslag maak nie saak nie'), sien die verskillende artikels hier: Van VIDA na Gay Agenda; Van VIDA tot homoseksuele predikante; Die trojaanse perd, evolusionisme, en die vrou in die besondere ampte

Om 1 Tim.4:4,5 toe te pas op ons onderwerp:

> *Want alles wat deur God geskape is (ook man en vrou, gelyk in wese en waarde, maar verskillend in rol), is goed, is nog steeds goed, manlikheid en vroulikheid is nie verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie,*
>
> *Want beide man en vrou en hul onderskeie rolle word geheilig deur die woord van God en die gebed, deur die verlossende werk van ons Here Jesus Christus, die Verlosser en Koning van sy kerk.*

Christus handhaaf deur sy soenverdienste sy Vader se skeppingsorde, Hy heilig en herstel dit, Hy vernietig dit nie of stel gees en liggaam teenoor mekaar nie.

Daarom dat Paulus op soveel plekke, saam met die ander Bybelskrywers dit stel:

"God is geopenbaar in die vlees!" – 1 Tim.3:16

Christus het die vlees kom heilig, nie vernietig nie.

Christus het geslag kom heilig, nie vernietig nie.

Hy het sy Vader se skeppingsorde kom herstel en bevestig.

Hy het opgestaan na gees én liggaam

Hy is ons troos na gees én liggaam – Sondag 1 van die HK.

**Hoekom is die ampskwessie,**

**die ouderlinge amp in die besonder dus 'n kernsaak ?**

Want die Here sê deur sy Gees en Woord die onderskeie rol van man en vrou in die gesin en gemeente is 'goed' (1 Tim.4:4,5) en moet gehandhaaf word soos Hy dit beveel (sien al sy briewe).

Dit is ongelukkig die dwaalleraars van Paulus en Timoteus se tyd,

Die dwalinge van die marcionitiese tyd,

Die *Marcion Strong of Gnostic Light* dwalinge van vandag[20] wat meen

a. geslag/vlees is boos (die radikale humanistiese feminisme)

b. of, geslag maak nie saak wat ons onderskeie rolle betref nie (evangeliese feminisme)

**wat dus 'n probleem het met God se skeppingsorde.**

So leef marcionitiese aspekte vandag nog: in die OT het God 'n bepaalde skeppingsordening vir man en vrou gehad: gelyk in waarde en wese, maar verskillend in rol/taak/ampte; in die NT val dit alles weg, en is man en vrou nou absoluut gelyk,

[20] Marcion, VIDA en Marcionisme vandag

d.w.s. ook in rol/taak en ampte. Jesus het die vrou en man bevry van enige natuurlike, skeppingsgegewe onderskeid, absoluut geen meer sogenaamde 'diskriminasie' in die NT tyd nie. Marcion 'practised what he preached':

> "The early Gnostic well known to church history students named Marcion was excommunicated from the church in A.D. 150. He then established his own church in which he appointed women as bishops and priests. In the Valentinian Gnosticism, women functioned as teachers, evangelists, healers, priests, perhaps as bishops. This Movement in the church to put women into roles of spiritual leadership is simply reflective of this same kind of religious attitude."

En, deel van die boeke van Paulus het Marcion gekorrigeer en/of verwerp?

Die Pastorale Briewe, dus ook 1 Tim.2:11-15, wat heel moontlik volgens Marcion nog deel was van die 'Judaisme' van die OT wat hy verwerp het, die OT wat nog 'vroulike onderdanigheid' geleer het ?

Die Here het in sy raad en wysheid bepaal dat liefdevolle leierskap en gesag aan die man sal behoort wat aan die vereistes van die Skrif moet voldoen. Daar is 'fisiese' en 'geestelike' vereistes, 'natuur én genade' vereistes, soos ons dit lees bv.in 1 Kor.11:2,3; 14:34-40; Ef.5:21-33; 1 Tim.2:11-15, ens. Die 'evangeliese marcionistiese feministe' stel die genade teenoor die natuur, as hul beweer dit gaan net oor 'geestelike vereistes' en nie 'natuurlike vereistes' nie. Nee, dit is albei, soos die Vader van die OT en NT dit bepaal het, en soos sy Seun dit bevestig het. Ons kan in die gevaar val om een of beide aspekte te verabsoluteer, bv.

> a. "ons moet sorg dat daar genoeg mans as ampsdraers is, dit is nie belangrik of hul godsvresend, bekwaam, dienend en toegewy is volgens 1 Tim.3 vereistes nie, solank dit net 'manne' is" (chauvinistiese konserwatisme)
>
> b. "dit gee nie om of 'n man of vrou 'n ampsdraer is nie, solank hul net godsvresend, bekwaam, dienend en toegewy is" (evangeliese feminisme).

Altwee sieninge is vals, en nie die wil van die Here nie, en ons moet eerlik wees, ons 'konserwatiewe kerke' is meestal skuldig aan eersgenoemde. Die moderne geslag van teoloë wat marcionisties dink, d.w.s. 'n valse dualisme tussen die man en vrou ("man en vrou kan nie gelyk in waarde en wese wees, as hul nie ook gelyk is in rol en taak nie, en daarom moet ons die 'teenstelling' tussen natuur en genade afgebreek word"), bied ook nie die oplossing nie.

Mag ons hemelse Vader, die Gewer van beide die OT en NT, die Skepper van hemel en aarde (natuur), van al wat lewe (gees), die Vader van ons Here Jesus Christus, wat 'gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is' (Hebr.11:6) ons help om die dwalinge van openlike of bedekte marcionisme teen te gaan, sodat ons Hom sal dien soos Hy beveel, na liggaam en gees, in Gees en Waarheid (Joh.4:24): ware bybelse diensbare manlike leierskap en vroulike dienende onderdanigheid, in Christus.

3. Artikel 30 van die NGB gaan oor die '**Regering** van die Kerk', en daar bely ons:

> "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons in die Here ons in sy Woord geleer het, **geregeer** moet word. Daar is naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens *om saam met die herders* die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom hou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die **voorskrif** wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee (1Tim.3)."

En wie is die 'betroubare *persone*' wat gekies moet word volgens 1Timoteus 3 ? Daar staan in 1 Tim.3:

> Ouderlinge (wat die predikante insluit): **1 Tim.3:1-2** "Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n *opsienersamp* verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. [2] 'n *Opsiener* dan moet onberispelik wees, ***die man*** *van een vrou*, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig"

> Diakens: **1 Tim. 3:12** "[12] Die diakens *moet **manne** van een vrou wees* en hulle kinders en eie huis goed regeer."

4. Vanuit NGB artikel 30 bely ons dus in NGB artikel 32 in navolging van die Skrif (1 Tim.3) dat ***manlike*** *predikante, ouderlinge en diakens* die kerkraad vorm wat die gemeente dienend moet **regeer** deur sy Gees en Woord:

> "Ons glo verder dat *die **regeerders** van die kerk (laasgenoemde wat uit **mans**, vrouens en kinders bestaan)*, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas *om nie af te wyk van wat Christus, ons **enigste** Meester, vir ons **ingestel** het nie.*"

In 1 Tim.3:5,6 sien ons dat 'n 'man van een vrou' (v.2) sy huis goed moet regeer sodat hy die gemeente ook kan versorg (terwyl die vrou net in die huis regeer/huisbestuur behartig, 5:14, maar nie in die gemeente regeer nie, en dus ook nie oor mans nie, 2:11,12; Tit.2:3-5). 1 Tim.3:5,6 gelees saam met 1 Tim.5:17, bevestig die 'regeer' en 'leer' taak van die ouderlinge, en daarom moet dit mans wees, en nie vrouens nie: "Laat die ouderlinge wat goed *regeer*, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei *in woord en leer.*"

5. Wat Paulus beveel in 1 Tim.2:11,12 is God se wil, gebaseer op sy skeppingsordening (v.13), dit is wat 'ons enigste Meester vir ons ingestel het', Sy *bevel* aangaande die man en vrou se rolle in die gemeente. Sien 1Tim.1:1 en 1Kor.14:37, dat Paulus as 'apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God', die 'bevele van die Here' aan die gemeentes oordra.

6. NGB artikel 32 gaan verder en roep op, vanuit die Skrif, dat die 'regeerders van die kerk' se taak is ook:

"... daarom verwerp ons ***alle*** *menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.* Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles **in gehoorsaamheid aan God** te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en **alles** wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God."

Daarom moet ons die versinsel van die vrou in die besondere ampte (diaken, ouderling, predikant) verwerp, asook die huidige poging om dit in ons kerkverband in te voer, aangesien sodra 'n vrou verkies word tot die regeeramp, veral van ouderling en predikant, *ons gewetens* daardeur gedwing gaan word om dit te aanvaar, hetsy op plaaslike vlak of op meerdere vergaderings (klassis, streeksinode, nasionale sinode), want ons Dordste kerkorde verklaar oor die bindende gesag van besluite op kerklike vergaderings in art.31 en artikel 36:

"***Dieselfde seggenskap*** *(auctoritas = gesag uitoefen; regeer - slc) het die klassis* ***oor*** *die kerkraad* wat die partikuliere sinode oor die klassis, die nasionale sinode oor die partikuliere sinode en die algemene sinode oor die nasionale sinode het."

*Dus* enige vrou in die besondere ampte, veral ouderlinge in ons kerkverband se geval, hetsy in 'n kerkraad, klassis, partikuliere of nasionale sinode, **regeer** dan (oefen gesag uit) saam met die ander manlike ampsdraers oor die gemeentes, wat **direk** in stryd is met God se bevel deur Paulus in 1 Tim.2:11,12, **direk** in stryd met "*wat Christus, ons* ***enigste*** *Meester, vir ons* ***ingestel*** *het",* deur die apostel Paulus (1Tim.3:15).

Die bevel dat die vrou nie mag leer nie, 1 Kor.14:34 (sien ook 1 Tim.2:10-12), geld nie net vir 'n plaaslike gemeente nie, maar vir al die gemeentes, v.36, d.w.s. vir die hele kerkverband vandag dus. Kerklike eenheid en orde, v.40 word gedien deur te bly by God se duidelike bevel oor die vrou in die amp vir al die gemeentes, en so ook oor enige ander leerstuk. As elke gemeente kan besluit en doen wat hy wil, eindig dit in wanorde en kerklike chaos.

Wat is daarom die teologiese implikasies van Sinode 2009 se besluite hierbo vermeld, van wat sinode 2012 en moontlik 2015 op die tafel wil bring met die Ordevoorstel en Omkeerstrategie benadering, sou VIDA heeltemal aanvaar word ?

Antwoord: Die duidelike 'bevele van die Here', 1 Kor.14:37 word dan verwerp deur die Sinode, en daar word by implikasie geleer, met die aanvaarding van twee teenstrydige standpunte ("aan die vryheid van die kerke oorgelaat"), dat God 'n God van *wan*orde is ... Hy weerspreek Homself. Vir een gemeente sê Hy dit is sonde om vroue in die besondere ampte te bevestig ... en vir 'n ander dit is sonde om nie vrouens in die amp te bevestig nie !

En hierdie kerkregtelike 'gewetigde' wanorde is om 'n ander weg in te slaan as die weg van die Here, dit is rebellie, openlike opstand, oortreding en uitdaging van die enigste Koning van die Kerk, Jesus Christus se gesag (die Griekse woorde vir

'wanorde', v.33, *akatastasia*, volgens die woordeboeke, beteken rebellie, om in openlike opstand te wees teen gesag, met die doel om die gesag om ver te werp en af te skud).

**Dus**, die begronding van NGB art.30 in die Timoteus briewe, spesifiek 1 Tim.3 wys daarop dat die ampskwessie, en wie in die ampte mag dien, daarom wel 'n belydenissaak is, en daarom die eenheid van die kerke raak, *kontra* wat sinode 2009 daaroor besluit het (daar gaan 'n beswaarskrif oor hierdie saak dien by die komende sinode in 2015).

7. Ons moet bly by die Heilige Skrif, ons belydenisskrifte en alleen aanvaar wat die 'eendrag en eenheid' bewaar en bevorder, volgens NGB art.32. En, wat is dit ? NGB art.32 antwoord dit, nl. "gehoorsaamheid aan God", gehoorsaamheid aan 1 Tim.2:11-15, aan **God se bevel** deur Paulus aan sy kerk deur al die eeue (1 Kor.14:37), deur sy skeppingsorde vir man en vrou in gesin én gemeente te aanvaar. Ons moet die wêreldse menslike versinsels (feministiese invloede) en verkeerde menslike wette (bv. "die gemeentes het vryheid om self te besluit om vrou in die besondere ampte te verkies") verwerp (sien Tit.1:9). Christus se gemeente word regeer deur sy Gees en Woord.

8. **Nie** hulle wat getrou wil bly aan die Heilige Skrif, ons belydenis en wat ons kerke al vir 150 jaar bely (en die Christelike kerk oor die algemeen vir 2000 jaar) oor die vrou in die ampte - is besig om die kerk te skeur of onrus te veroorsaak nie, maar **hulle** wat menslike versinsels (vroue in die besonderse ampte) wil invoer en akkomodeer (wat *eiewillige* godsdiens is, sien 1 Sam.15:22,23; 1 Kon.12:31; Matt.15:9), is besig om die 'eendrag en eenheid' van ons kerkverband aan te tas, en moet opgeroep word tot bekering (soos bv. klassis Moot met Wapadrant bewandel het in Pretoria streeksinode; en die GK Carletonville die afgelope jare gedoen het met die pad wat ons oor die Linden-en Ontdekkers gemeentes met die kerkverband bewandel het).

9. In plaas van dat die kerk soveel aandag skenk aan wie in die ampte moet en mag dien terwyl die Bybel reeds *duidelik* is daaroor, moet ons kragte daarin gaan om ons gesinne te help, mans om hul roepinge te vervul, vrouens om weer hul 'rol as vroue en moeders' te aanvaar (1 Tim.2:15) en dit tot eer van God in die gemeente te ontplooi. Sien verder bv. Spr.31:10-31; 1 Tim.5:14, Tit.2:3-5, ens.

10. <u>Moontlike kerkverbandelike implikasie</u>: dit moet ons gebed wees dat hul wat die Here se skeppingsorde en die gesag van sy Woord omver wil werp, hul daarvan sal bekeer. Dit is ons hoop dat by die komende sinode hierdie verdere rewolusionêre en onordelike optrede nie goedgekeur sal word nie, nl. dat die vrou tot die amp van ouderling en predikant verkies mag word nie. Hopelik sal die Ordevoorstel tot bekering oor verkeerde kompromie besluite in die verlede lei, en sal daar teruggekeer word na God se orde soos ons dit bely volgens die Skrif in NGB art.30-32.

**Sou dit wel gebeur dat VIDA vir alle ampte oopgestel word**, sal elke kerkraad biddend saam moet oorweeg of ons God of mense meer gehoorsaam gaan wees (Hand.4:19; 5:29), **want** die Heilige Skrif (sien 1 Tim.2:11-15 in die lig van 1Tim.6:3-5) en ons belydenis (NGB art.2-7,30,32; HK Sondag 35) roep ons daartoe op.

Paulus skryf in 1 Tim.6:3-5, dat ons ons moet (nie 'kan') onttrek aan mense wat iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van ons Here Jesus wat volgens die godsaligheid is nie, **veral** as daar vir dekades getuig en opgeroep is tot bekering oor die saak.

Nou is die vraag: is 1 Tim.2:11-15, en 1 Tim.3 spesifiek en 1 Kor.11 en 1 Kor.14 by implikasie, ens, dus al die tekste wat aandui dat slegs bekwame geroepe mans as ampsdraers kan dien,

is dit deel van hierdie *gesonde woorde* van ons Here Jesus Christus of nie ?

En, geld dit nog vir *vandag* as sy wil vir die besondere ampte ?

As dit wel is, dan is dit 'n kernsaak wat ons nie mag afmaak as middelmatig nie,

en het dit verreikende implikasies vir ons plaaslike kerkkeuse en kerkverband keuses.

Na my mening, na 3 dekades se studies en besinning en luister na mekaar,

is die vraag **lankal nie meer** hermeneutiese verskille en moeilikhede nie.

Die vraag is: gaan ons onvoorwaardelik gehoorsaam wees of nie - aan die Verlosser van die Kerk, wat daarom ook daardeur volkome Koning is van sy Kerk,

Wie bepaal wie en hoe sy kerk regeer moet word ?

Noem ons Hom bloot Here, maar eintlik is ons die here wat deur stemme besluit wat is reg en verkeerd, hoe sy kerk regeer word, 'bestuur' ons die kerk volgens ons tydsgees ?

Wys ons dade, ons kerklike besluite en optredes dat Hy werklik ons Koning is.

Wat gaan ons optrede en besluite wees o.g.v. van sinode 2015 se besluite ?

Is Hy ons Verlosser ***en*** Koning ?

**5. Die pad vorentoe**

Ons het reeds die waarheid oor geslagtlikheid in die besondere dienste vir ons geopenbaar in die Skrif, waarvan die kerkgeskiedenis getuig.

Ons moet dit nie nog ontdek deur verdere (sosio-historiese) studies nie, ons moet dit begin gehoorsaam. Tydens Sinode 1988, dus nou 26 jaar gelede, is daar reeds besluit "Die Sinode behoort nou, na studie van ten minste nege jaar aan die hand van uitvoerige studiemateriaal, 'n *duidelik* Skrifgefundeerde uitspraak te lewe." (*Acta*, bl.523, kursief bygevoeg).

En tog, kom sinode 2012 weer en sê ons moet weer studeer via die Omkeerstrategie?

Dalk lê ons probleem nie by die 'oorvra' van die Bybel oor hierdie saak nie, maar dalk by die 'oorstudeer' van hierdie saak. Gaan ons aanhou 'studeer' totdat die Bybel uiteindelik 'sê' wat ons wil hê dit moet sê, is die vraag wat sinode 2012 weer op die

tafel geplaas het, gaan 2015 uiteindelik sê wat die mens, die massas, die oorwegend feministiese wêreld wil hoor ?

Was Bogerman verkeerd om vir die Arminiane te sê, **nadat** hul deeglik aangehoor is: *exite exite !?*

Ons sal goed doen om die waarskuwing van tekste soos Spr.14:12; Pred.12:12 en 2 Tim.3:17 in 'ons aanhou studeer' te verreken.

In plaas van om soveel tyd te spandeer aan ongehoorsaamheid aan God se duidelike bevele, moet ons al daardie tyd, krag en geld spandeer daaraan om juis mans nog beter toe te rus vir hul ampswerk en roeping, in huis, kerk en samelewing. So ook om ons vrouens toe te rus om goeie vrouens, moeders en diensmaagde te wees in Sy Koninkryk (dit was na my mening waarna ons oppad was met Sinode 1988 se verslag oor die 'vrou se taak in die kerk'). Ons moet meer aandag gee aan die belang en betekenis van tekste soos Gen.1:26-28; Ps.127; 128; Spr.31:10-31; 1 Tim.2:15; 5;11-14; Tit.2:3-5, ens. aangaande die vrou se plek in die kerk en koninkryk. Dan alleen kan daar weer orde wees in ons gesinne en kerke (1 Kor.14:40), as ons weer onvoorwaardelik buig voor die 'bevele van die Here' (1 Kor.14:37). Christus het gekom om God se skeppingsorde te heilig, nie te vernietig nie (Bavinck).

Ja, belangrike Koninkrykswerk in die GKSA en nuwe SA ly skade (veral in die gesin) a.g.v. hierdie uitgerekte debat oor 'n saak waaroor die Skrif eintlik baie duidelik is. Mag die Here die broeders en susters wat nie wil buig, vir watter redes ookal, voor die gesag van God se duidelike woord oor hierdie saak nie, geopende oë skenk om sy bevel raak te sien en te gehoorsaam (Ps.119:18), sodat hulle nie die oorsaak sal wees van 'n amptelike kerkskeuring in die die GKSA nie. Mag die Here profete gee wat tydig en ontydig getuig teen hierdie gevaar wat die reeds wankelende eenheid van ons kerke bedreig.[21]

Ons moet ernstig bid dat die Here se wil nie deur ongehoorsaamheid aan sy duidelike bevele - oor die man en vrou se onderskeie roepinge en take in gesin, gemeente en gemeenskap - 'geweld' aangedoen word nie.

In 1935 skryf Totius nog in 'n artikel waarin juis tekste soos o.a. 1 Kor.11 en 14 asook 1 Tim.2 vermeld word dat:

> "Ons glo nie dat enige *Gereformeerde* vrou teen die *duidelike* uitsprake van die Woord van God in verset wil kom nie. Selfs deur die feministiese praktyke van ons dae sal sy haar nie uit haar koers laat dryf nie." (*Versamelde Werke*, deel 3, 1977: 197; kursief bygevoeg).[22]

---

[21] Sien dr. Pieter van Dussen se werk, o.a. Van Vryheid in Gebondenheid aan die Woord Tot Gevangenskap in Menslike Strukturalisme

[22] In 1976 het die GKSA se Sinode besluit om met die GKN (Gereformeerde Kerk van Nederland) sustersbande te verbreek, juis oor sake soos Skrifgesag (Kuitert se verwerping van die historisiteit van die eerste hoofstukke in Genesis), leerstellige dwalinge (Wiersinga se algemene

versoeningsleer), vroue in die besondere ampte, homoseksualisme, samewerking met vrysinnige bewegings soos die WRK, ens (sien die Sinode-Handelinge van 1970/73/76).

En, almal of heelwat van hierdie sake word huidiglik deur die WCRC/WRK en die CRCNA goedgekeur of met liefde en sorg geakkomodeer.

Dieselfde tendens sien ons oor die jare ook by die GKSA, "the daughter is rapidly 'catching up' with it's mother and sister(s)'. Al hoe meer artikels in kerklike tydskrifte, hier en daar 'n teoloog wat uit die kas begin klim teen die historiese betroubaarheid van Gen.1-3, evolusie wat al meer geakkomodeer word, vroue diakonesse wat toegelaat word, die soeke na lidmaatskap met die WRK-lid, die SARK (net-net afgestem tydens die 2009 Sinode).

Prof. GPL van der Linde was een van die afgevaardiges van die GKSA om in 'teregwysing en vermaning' te gaan getuig voor die Sinode van die GKN, op 26 Maart 1974, in Lunteren. Hy het hierdie profetiese woorde gespreek, wat nog net so en nog meer aktueel is vir vandag:

"Daarom het die GKSA hierdie diepe kommer: U (GKN) verklaar met die mond wel dat u by die geopenbaarde waarheid hou, maar metterdaad het u die mens met sy wetenskap oor die openbaring as wagter aangestel. Is 'n valse eenheid onder mense vir u nie meer werd as die waarheid van God nie ? … Prof. Kuitert en dr. Wiersinga is – ten spyte van uitvlugte en onderskeidinge wat bedink is om die werklikheid beter te laat voorkom as wat dit is – besig om 'n ander Evangelie te verkondig. En die bevel van Christus is duidelik in so 'n geval uit 1 Tim.6:3-5: 'Ontrek jou aan sulke mense.' Daar is egter nie met hulle gehandel ooreenkomstig die bevel van Christus soos ook vervat in art.79 DKO (116 HKO) nie. Getuig so 'n optrede van die wat as wagters oor die huis van die Here gestel is van waaragtige roepingserns in die handhawing van die leer ? Veeleer word alles gedoen om diegene wat afwyk van die belydenis, 'n wettige plek in die kerk te gee en te laat behou. … Kan u nie sien nie, broeders, dat u ontrou is aan u amp as opsieners wat die wolwe uit die kudde moet weer nie? Kan u nie sien hoe onbarmhartig u optrede teenoor dr. Kuitert en sy volgelinge sowel as die kerk is as u nie die leertug toepas nie? U handhaaf nie die leer nie, maar het prakties leervryheid geproklameer. … Hoe smartelik dit ook al is om so met huisgenote van die geloof te spreek, roepingstrou eis dat u vermaan word om die waarheid weer in u optrede bo 'n valse eenheid te stel. U moet weer die gesag van die Heilige Skrif en die belydenisskrifte onvoorwaardelik bely en onverswak sonder aansien van die persoon handhaaf deur die leertug op die wat in hul dwalinge volhard, toe te pas."

Ja, "Veeleer word alles gedoen om diegene wat afwyk van die belydenis, 'n wettige plek in die kerk te gee en te laat behou. …", en so word al meer teenstrydige sieninge van die Skrif, ampte, erediens, Psalms, ens. geakkomodeer en toegelaat, en die plaaslike kerke en kerkverband skeur uitmekaar, lank nog voor daar 'n 'amptelike' skeuringsdatum is.

Die vorige geslag het die sake wat nou op die WCRC en die CRCNA se tafel is as 'n 'ander evangelie' beskryf, as in stryd met die Skrif, belydenis en kerkregering.

Die huidige geslag beveel aan dat ongeag hierdie sake, die CRCNA (en die NGK?) vashou aan die Skrif, belydenis en kerkregering.

"Want van hul kleinste tot hul grootste maak hulle almal onregverdige wins, en van die profeet tot die priester pleeg hulle almal bedrog. En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! —terwyl daar geen vrede is nie." – Jer.6:13,14

Een van hierdie geslagte verkondig 'n valse eenheid, valse liefde en 'n valse vrede. "En toe ook daardie hele geslag by hulle vaders versamel is, staan daar 'n ander geslag ná hulle op wat die HERE en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie." (Rig.2:10; sien ook Ps.78:9-11, ens.). Sien die volgende artikel hier: Die NGK word weer deel van die WRK en wat gaan dit vir die GKSA beteken ?

Ek weet van heelwat vrouens wat vandag nog vasstaan teen die feministiese praktyke van ons dag, hoe moeilik ookal.

Die vraag is waar is die mans, waar is Adam, waar is ons in hierdie stryd **?**

Of is Douglas Wilson reg as hy dit stel: Die wesentlike probleem is nie die vrou op die kansel nie, maar die mans wat reeds op die kansels is … maar met (teologiese) rokke aan …

*Slabbert Le Cornu* (VDM)

www.proregno.com